

27 Februarie

Skrifgedeelte: Spreuke 14:12-16

Fokusgedeelte: Spreuke 14:12

Wêreldse maatstawwe

Op grond waarvan beoordeel jy wat om te doen of wat om liewers na te laat? Gewoonlik is “wat die mense sê” ons maatstaf. As die gemeenskap, of my kollegas by die werk, of my vriende, nie wat ek doen ernstig bevraagteken nie, meen ek dit is maar reg. Soms toets ons selfs die *reg* en *verkeerd* aan die vraag of daar seën op is!

Die probleem is dat die seën aan wêreldse maatstawwe gemeet word. Is die besigheid geslaagd, dan is die Here se seën daarop. As ek nie groot probleme ondervind terwyl ek met iets besig is nie, is daar seën daarop.

Pasop! Wat vir jou geseënd lyk, is soms juis nie ’n seën nie. Asaf skryf in Psalm 73 dat dit lyk asof die goddelose mense gesond en sonder kwellings is, weelderig leef en voorspoed beleef (seëninge ontvang), terwyl hy wat die Here dien, soveel teenslae moet trotseer. Hy besef egter: “U laat hulle op gladde plekke loop ... In ’n oogwink word hulle iets afgrysliks ... tref ’n verskriklike einde hulle.” Wat soos seën gelyk het, was toe glad nie seën nie!

God se wysheidsboek (Spreuke 14:12) leer ons dat jou maatstaf nooit “Wat is vir die mense reg?” mag wees nie, want: “Daar is ’n lewenswyse wat vir ’n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.”

Toets jou optrede vandag aan wat God se Woord leer en nie aan wat vir die mense aanvaarbaar is nie.

Sing: Psalm 25:2 Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)